Pierneef Gemeente

Die Boodskapper

Kantoorure: Ma, Wo & Vr, 8:00 -12:00 **Tel:** 012 333 4273
Sel: 072 137 4407 **Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568)

Gemeente-sekretaris: Steve Swart (072 137 4407)

Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

Verjaardae die week:

9/13	Mnr	Gawie Bothma 012-804 0865
9/13		Alek Meintjies 081-801 8602
9/13	Me	Cherise Van Der Westhuizen 084-952 1104
9/14	Me	Johlene Van Schalkwyk 081-022 2470
9/14	Me	Anske Wolmarans
9/15	Mev	Louette Jordaan 082-405 2567
9/16		Ewald Wentzel 082-921 3357
9/18	Mnr	Roelf Appelgryn 082-467 8184
9/18	Mnr	Stephanus Grésse
9/18		Vincent Van Schalkwyk 084-700 1546
9/18	Mnr	Dirk Walker 082-683 8479
9/19		Simone Jacobs 082-576 6082

Gebedsbediening

KOM ONS BID VIR:

- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Kom ons **bid** vir die beskerming van die boere - gemeenskappe.
- Ons **bid** dat ekonomiese toestande in die land sal herstel, sodat werksgeleenthede geskep kan word.
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb** vir Piet de la Rey wat weer in die hospitaal opgeneem is.
- Piet de la Rey wat steeds in die hospitaal ernstig siek is.
- **Bid** dat opvoeders by alle instellings met geduld en wysheid sal onderrig. (Kolossense 2:8)
- **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie euwel vernietig sal word.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

Dagboek vir die week:

13 Sept (9:00): Erediens- Romeine 14:1-12

16 Sept (9:30): Bybelstudie- 1 Pet 1: 3-9

(18:30): Bybelskool:- Die tuin van Eden

20 Sept (9:00): Erediens en KINDERKERK

(Indien alles goed gaan hierdie week en die regulasies nie verander rondom die hoeveelheid mense wat mag byeenkom nie, wil ons graag volgende week met Kinderkerk begin tydens die erediens in die saal. Alle gr 0-4 kinders is welkom!)

Ons hou "Jumble sale" (26-28 Nov) en Veiling (28 Nov)!

Alle skenkings is welkom! Skenk gerus enige van die volgende items wanneer jy weer huis regpak: Klere, skoene, kombuisware, elektroniese toestelle, boeke, en sommer enige iets interessant wat net staan en stof opgaar! Items kan gedurende kantoorure by die kerk afgelaai word. Skenkings van groter/duurder items is ook welkom vir die veiling. Kontak gerus vir Calla (082 455 2976) in hierdie verband.

Ons vier die jaar die Gemeente se 70ste verjaarsdag!

30 September (Woensdag):

9:00 Dankdiens en Nagmaal

9:45 Koek en tee in die saal

18:30 Dankdiens en Nagmaal

19:15 Sop en broodjies in die konsistorie

4 Oktober (Sondag):

9:00 Erediens en Nagmaal

10:00 Koek en tee in die saal

17:00 Erediens en Nagmaal

18:00 Sop en broodjies in die konsistorie

Ons wil graag genoeg geleentheid bied vir almal om die eredienste en kuiergeleenthede by te woon, dus is jy welkom om die tyd (Woensdag en Sondag) te kies wat jou die beste pas.

Bespreek asb solank by Steve: 072 137 4407 of kantoor@ngkpierneef.co.za

Dorkas se Kombuis

Dankie vir elkeen se bydrae wat elke week se pakkies moontlik maak!

Ons kry net positiewe terugvoer van die Maatskaplike Werkster, onderwysers by die skool en gesinne wat ons help.

Elke bydra, skenking, boodskap en gebed maak 'n enorme verskil in die lewens van die gesinne in ons gemeenskap!

Ons neem 30 September afskeid van geliefde lidmate, Michelle en Francois Kriel (en hulle gesin) wat Kaap toe verhuis. Ons gaan julle baie mis! Baie sterkte en seën vir julle!

Gaan "like" ons Facebookblad!

"Pierneef Gemeente"

HERWINNING

Daar is sakke aan die buitekant van die heining by die buitekamer opgesit waarin papier en karton gegooi kan word.

Die sakke aan die binnekant van die heining by die buitekamer is bedoel vir plasties, glas en blik.

Pen, 'n Christelike welsynsorganisasie, kom maak elke tweede week die sakke leeg. Hulle gebruik die afval om werk te skep.

Dankoffers in Afsondering

Weens die Covid-regulasies kan baie van ons groot fondsinsamelings waarop ons steun nie hierdie jaar voortgaan nie. Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening inbetaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v. saalhuur, dankoffers, ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd normale betalings te maak, dit kan per eft of koevert by die kerk gedoen word. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne! Ons wil graag ook deur alternatiewe maniere ons finansies aanvul deur kreatief te wees (maar steeds by die regulasies te bly). Daarom herinner ons jul aan ons "Jumble sale" en Veiling (einde Nov). As jy enige items kan bydra of wil help, kontak gerus die kerkkantoor (072 137 4407). Vir die "Jumble sale" is enige huishoudelike items en klere welkom, en vir die veiling is ons opsoek na enige interessante items (Bv meubels, kamptoerusting, portrette, elektroniese toestelle of enige iets wat mense graag sou op wou bie!) Dankie vir elke bydrae en gebed! Mag julle 'n mooi dag hê. Kyk uit vir hierdie Sondag se preek op Whatsapp en onthou om te bespreek indien jy die diens by die kerk wil bywoon.

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Ons wil ook graag 'n Gemeenteboekie vir ons herdenking uitgee wat die belangrike gebeure van die afgelope 20 jaar bevat (om die boekie van ons 50ste herdenking aan te vul).

Indien jy graag wil bydrae (i.t.v verhale/gebeure om in die boekie te sit), kontak gerus ds Paullet (076 841 1568).

Julle insette sal werklik waardeer word!

Bhoetan: Bhoetan is 'n klein landelike koninkryk, weggesteek in die Oostelike Himalajas. Die wat 'n ander geloof as Boeddhisme beoefen, kan hul burgerskap en regeringsvoordele verloor. Dit sluit gratis onderwys, gesondheidsorg, selfs water en elektrisiteit in. Die meeste gelowiges vergader in privaat huise om te aanbid. Bid dat gelowiges ferm sal bly en dat hulle getalle sal vermeerder, ten spyte van die harde behandeling en diskriminasie. Bid dat hulle die boodskap van ware verlossing deur Jesus Christus sal aanhou verkondig. www.tr.im/wb36

Getuienis

As Christene is ons geroep om aktief deel te neem aan God se Koninkryk deur dit uit te leef en God se goeie nuus te deel met ander. Ons glo dat die getuienis wat ons uitdra God se liefde vir ander sigbaar kan en moet maak. Ons gesindheid as ons getuig mag nie wees dat ander (ongelowige) mense minderwaardig is nie, maar dat alle mense gelyk is, omdat ons almal die liefde en genade van God nodig het. Ons getuienis is woorde maar ook dade, wat ons dag en nag moet uitleef deur as 't ware Jesus te wees vir ander.

Luister: Johannes 4:1–42

Kyk:

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

Dink:

- Hoekom was die vrou so geskok dat Jesus met haar wou praat?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus die vrou ontmoet daar waar sy in haar omstandighede is?
- Waarom het die vrou vir almal in haar dorp gaan vertel van Jesus?
- Waarom het die mense in Jesus geglo?
- Wat, dink jy, is die beste manier om van, en oor, Jesus te getuig?
- Volgens jou, wat beteken dit om Jesus te wees in 'n wêreld wat Hom nodig het?

Doen:

- Neem tyd om jou geloofstorie (hoe jy Jesus leer ken het) neer te skryf. Skryf ook hoe jy vandag Hom beleef en raaksien. Daag jouself uit om dit met een persoon te deel.

Bid:

- Jesus, help my om geleenthede raak te sien om te getuig en gee my die wysheid om…

Tiener-fokus:

- Daag jouself uit om elke dag vir 'n week lank iemand wat 'n vreemdeling is te ontmoet en hul storie beter te leer ken. Vra wat hul naam is, hoe hulle hul werk of skool ervaar en wat hul grootste vreugde en uitdaging is.

Familie-fokus:

- Kry 'n baie groot (bv. A2 of groter) vel papier, en laat elkeen daarop skryf of teken waarom hulle vir Jesus liefhet. Plak dit dan op in die huis waar almal wat inloop of besoek dit kan sien.

Advertensies

Agapanthus Guest House:
Oop vir noodsaaklike dienste!

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

2 Gesinne het hulp nodig agv die grendeltyd. Indien u met enige vd volgende kan help kontak asb vir Rhona (082-497 3050):

- Yskas, mikrogolf, ¾ bed en tv.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Neem asb Kennis:

Weens sekere regulasies en die onsekerheid van wanneer ons weer in groter groepe saam mag kuier, word:

- Die Gemeentekamp van September tentatief geskuif na ‘n latere datum. Die datum sal gekommunikeer word.
- Die Feestelikhede (saamkuiergeleenthede) van die Gemeente verjaardagweek word geskuif na Maart 2021 (saam met die Basaar). LW. Die spesiale eredienste en koek & tee van die Gemeente verjaardagweek gaan steeds voort.
- Die Gholfdag (6 Nov) gaan nie op ‘n formele basis voort as fondsinsameling soos die vorige jare nie, die wat graag die dag saam met ons wil geniet, is welkom om ‘n 4-bal in te skryf. Daar sal ‘n Gholfdag (soos ons dit ken) vir fondsinsameling vroeg in 2021 gereël word. Verdere besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word!